

Nuwe aanslag teen die Mules-operasie

Die internasionale wolbedryf moet hom staal teen 'n hernude aanslag van diereregte-aktiviste oor die Mules-operasie.

Diereregte-aktiviste in Australië het besluit om die kwessie weer op te neem en het Australiese boere tot 1 Januarie 2014 gegee om die operasie te staak ten einde verdere veldtogte af te weer.




'n Skaap wat gemikskeer is om die klam, urienbevekte wol rondom die agterstewe te verwyder. Suid-Afrikaanse Merino's is deur die jare geteel om minder plooië om dié gedeelte te hê. Australiese boere het reeds begin om hulle skape gladder te teel sodat dit onnodig sal wees om die Mules-operasie uit te voer.

Die Mules-operasie behels die verwydering van die losseregte vel rondom 'n skaap se stert om brommeraanvalle te voorkom. Omdat wol aan dié deel van die skaap met urine beplek en klam is, lok dit brommers. Die prosedure is deur die Australiër John Mules ontwikkel en in die 1930's deur die Australiese regering goedgekeur. Dit word sedertdien algemeen in Australië uitgevoer vanweë die groot brommerprobleem wat daar ondervind word.

Omdat baie bloedvaatjies in daardie deel van die skaap voorkom, veroorsaak die operasie heelwat bloeding, wat dit veel erger laat lyk as wat dit in werklikheid is. Geen wonder dus dat aktiviste die operasie as "wreed en onmenslik" bestempel nie.

Die operasie is minder bekend in Suid-Afrika. Die rede is dat 'n groot persentasie van die skeersel in gebiede met 'n lae reënval (die Karoo) geproduseer word, waar brommers nie só 'n groot probleem is nie. Daarbenewens is die



Suid-Afrikaanse Merino deur die jare “gladder”, of met minder plooië, geteel.

Baie boere pas ook miksker toe. Dit is die afskeer van wol, halfpad deur die wolgroeisiklus, in die skaap se mik en aan die binnekant van die agterpote om die klam, urienbevlekte wol te verwyder wat ’n aantrekkingskrag vir brommers kan wees.

Hoewel Suid-Afrikaanse wol nog nooit deur aktiviste geteiken is nie, kan sulke veldtogte Suid-Afrika indirek raak omdat dit ’n negatiewe uitwerking op wol as vesel het en negatiewe indrukke by verbruikers wek.

Mark Pearson, die uitvoerende direkteur van Animal Liberation New South Wales, sê sy organisasie dring daarop aan dat Australiese produsente dié kontroversiële praktyk teen 1 Januarie 2014 staak.

Hy het ook aan Paolo Zegna, die voorsitter van die bekende Italiaanse modehuis, Zegna, geskryf en die modehuis versoek om ná dié datum geen wol van produsente te koop wat die prosedure nog uitvoer nie.

“Ons rig eers die versoek, waarna ons sal wag om te sien wat die reaksie is,” het hy aan die Australiese media gesê.

Indien daar geen reaksie is nie, sal die aktiviste glo veldtogte begin voer en seker maak dat die Zegna-etiket “met bloed beklek is”.

Hy het voorts gedreig dat die aktiviste Zegna se winkels in Australië en ander

wêrelddele sal teiken en saam met People for the Ethical Treatment of Animals (PETA) sal werk.

PETA het in 2004 met ’n veldtog teen die Mules-operasie begin en wêreldwyd druk op vervaardigers en kleinhandelaars uitgeoefen om Australiese wol te boikot en geen kledingstuk wat Australiese wol bevat in hul winkels toe te laat nie.

Handelaars en die Australian Wool and Sheep Industry Task Force het later daardie jaar onderneem om die operasie teen Desember 2010 uit te faseer. Dié keerdatum is in 2009 laat vaar omdat dit volgens die bedryf onrealisties en teenproduktief was. Daarbenewens kon geen praktiese alternatief gevind word nie.

Australiese bedryfsleiers het hul teleurstelling oor die nuwe wending uitgespreek en gesê boere het reeds begin om skape met minder plooië te teel. Dit is egter ’n proses wat tot 20 jaar kan duur. Daarbenewens gebruik boere pynstillers om die prosedure so pynloos as moontlik te maak.

Phil Toland, president van die Australian Association of Stud Merino Breeders, het gesê boere is bekommerd oor die welvaart van hul skape, maar dat die diere meer sal ly indien die operasie gestaak word. Hy het gesê die operasie sal binne die volgende vyf jaar in ’n groot mate uitgefaseer wees.

Om proaktief op te tree en Suid-Afrikaanse wol se goeie naam te beskerm het Cape Wools in die 2008/09-seisoen ’n Kode vir Beste Praktyke vir wol skaapboerdery in gebruik geneem. Daarmee saam is ’n verklaring opgestel wat boere onderteken om te verklaar dat hulle nie die Mules-operasie uitvoer nie.

Teen die einde van daardie seisoen is meer as 90% van die wol wat per veiling verkoop is van ’n verklaring vergesel. Al hoe meer internasionale kopers vereis deesdae só ’n sertifikaat.

